# *Pneuma* en *nous* in die gereformeerde kerklied

## Perspektiewe uit 1 Korintiërs 14:15 en die tradisie, toegespits op die musiek en poësie van die kerklied

B.J. de Klerk & E.J. Smit
Skool vir Kerkwetenskappe
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM
E-pos: kwsbjdk@puknet.puk.ac.za
E-pos: gras@intekom.co.za

### Abstract

**_Pneuma_ and _nous_ in Reformed hymns. A perspective from 1 Corinthians 14:15 and the tradition, with specific reference to music and poetry**

*Scripture does not supply us with particular prescriptions regarding worship singing. Certain broad principles can, however, be distinguished. In 1 Corinthians 14:15 the church is called upon to sing with both πνεØμα (spirit) and νοØ (mind). Through the ages it has become clear that music and poetry have a profound effect on the πνεØμα as well as on the νοØ of man. In a time of continued renewal and change it is imperative for the church to fully utilize this combined power of music and poetry in worship and to ensure that it continues to affect both πνεØμα and νοØ in a positive way.*

## 1. Inleiding

Die gereformeerde kerklied staan om verskeie redes vandag in die brandpunt. Die afgelope paar jare was daar gereeld vanuit verskillende oorde aandrang op vernuwing en verandering rondom die kerklied. In ’n poging om gehoor te gee hieraan is verskeie veranderings voorgestel en in sommige gevalle geïmplementeer.

Om te besluit oor die gebruik van die kerklied in die erediens is nie ’n eenvoudige saak nie. Omdat die gevaar bestaan dat onoordeelkundige vernuwing en verandering groot skade in die kerk kan aanbring, het alle gelowiges egter ’n gesamentlik plig om seker te maak dat dit wat in die

eredienste gesing word, volgens die wil van God gebeur. Gevolglik het dit noodsaaklik geword om opnuut ondersoek in te stel na Skrifbeginsels rondom die kerklied en seker te maak dat dit op die regte wyse gestalte kry in ons eredienste.

Vir die doel van hierdie artikel word spesifiek gekonsentreer op die funksie van musiek en poësie in die kerklied, teen die agtergrond van die beginselraamwerk in 1 Korintiërs 14:15 asook gegewens uit die kerklike tradisie. Hier word nie gepoog om ’n volledige eksegetiese uiteensetting van 1 Korintiërs 14:15 te gee nie. Hierdie Skrifgedeelte word bloot as vertrekpunt gebruik om daardeur aan te toon hoedat sowel die gees as die verstand op ’n spesifieke wyse in die kerklied betrek moet word. Dit word gedoen met besondere verwysing na die musiek en poësie van die kerklied.

## 2. Die belang van ’n Skriftuurlike raamwerk vir die gereformeerde liturgie

Alles wat die kerk van die Here doen, moet sy fundering vind in sy Woord. Daarsonder is die kerk besig met eiewillige godsdiens. Dit geld ook vir die erediens en elke handeling daarin. Tog bly dit problematies om presiese en duidelik omskrewe voorskrifte vir die liturgie in die Woord van God te vind. Hoewel daar ’n groot verskeidenheid gegewens rondom die liturgie in die Woord van God gegee word, moet dit met groot omsigtigheid hanteer word. Die bepaalde historiese, kulturele en godsdienstige situasie waarin dit voorkom (Strydom, 1994a:156), moet ten alle tye goed verreken word.

Dit beteken egter nie dat dit onmoontlik is om geldende beginsels vir die liturgie in die Woord van God te vind nie. In sy Woord het die Here genoeg en duidelike rigtingwysers laat opteken waardeur sy kerk gelei en geleer word hoe om Hom te aanbid en te vereer. Die opdrag wat die kerk hierin het, is om uit die Woord van God te bepaal wat die altydgeldende, regulerende beginsels vir die liturgie is en dit dan vorm te gee binne sy eie historiese, kulturele en godsdienstige situasie. In sy Woord gee die Here ’n bepaalde raamwerk van beginsels waarvolgens sy kerk mag en moet optree, ook vir die liturgie. Hierdie beginselraamwerk is absoluut en die kerk mag nie buite die grense daarvan beweeg nie. Tog bied hierdie raamwerk genoeg ruimte en speling vir interne beweging, verandering en aanpassing sodat die erediens binne elke bepaalde tydsgleuf, historiese en kulturele situasie, steeds trefkrag sal hê en relevant sal wees.

## 3. 1 Korintiërs 2 en 12-14 as 'n beginselraamwerk vir die aard en plek van die kerklied in die erediens

'n Besondere Skrifgedeelte waarin 'n beginselraamwerk vir die liturgie na vore kom, is Paulus se eerste brief aan die Korintiërs. Vir die gemeente in Korinte het veral die praktyk van Christen- en kerkwees, te midde van 'n sondige wêreld, in die brandpunt gestaan (Du Rand, 1993:1755). Hoewel die brief in sy geheel oor veel meer as bloot die erediens handel, bepaal Paulus tog sy lesers se aandag by meer as een geleentheid regstreeks by die erediens. Veral in 1 Korintiërs 2 asook 12-14 is dit die geval. In 1 Korintiërs 2 en 12-14 kom nie alleen die erediens as geheel nie, maar ook besondere elemente of handelingsgebeure daarvan ter sprake (Du Rand, 1993:1755). In hierdie hoofstukke word daar nie presiese en onveranderlike liturgiese voorskrifte gegee nie, maar wel 'n beginselraamwerk waarbuite die kerk van God nie mag beweeg in die inkleding van sy eredienste nie. Om hierdie rede kan 1 Korintiërs 2 en 12-14 gebruik word om 'n beginselraamwerk vir die praktyk in die erediens daar te stel.

Paulus verwys veral in hoofstukke 12-14 gereeld na die gawes van die Gees en hoe dit in die erediens uitgeleef moet word. In hoofstuk 14 argumenteer hy dat daar 'n bepaalde kontras is tussen die gawes van profesie en spreek in tale. In weerwil van wat sommige mense in Korinte gedink het, beskou hy nie die gawe van spreek in tale as die uitnemendste van die geestesgawes nie. Vir hom is die gawe van die liefde die uitnemendste (1 Kor. 13) en daarna volg die gawe van profesie (1 Kor. 14:1). Die gawe van profesie het egter alleen nut in die erediens indien dit verstaanbaar is vir die ander gelowiges en dit hulle geestelik opbou, bemoedig en vertroos, want so word die hele gemeente gesamentlik opgebou (1 Kor. 14:3-4). Vir al die gawes van die Gees geld dit dat dit in die erediens alleen van nut is indien dit die geloofsopbou van die hele gemeente bevorder (1 Kor. 14:12).

In 1 Korintiërs 14:13-17 fokus Paulus die aandag spesifiek op die gebede en sang in die erediens. Ook wanneer die gemeente bid of sing in die erediens, is dit alleen van nut indien dit vir almal verstaanbaar is en die geloofsopbou van die hele gemeente bevorder. Om hieraan te kan voldoen, moet die gebede en sang aan bepaalde breë beginsels beantwoord. In 1 Korintiërs 14:15 verduidelik Paulus wat hierdie beginsels is.

Hoewel hier dus nie sprake is van uitgebreide voorskrifte vir die sang in die erediens nie, kan 1 Korintiërs 14:15 wel gebruik word om 'n beginselraamwerk vir die aard en plek van die kerklied in die erediens daar te stel.

## 4. Πνε∅μα en νο∅ in die erediens volgens 1 Korintiërs 14:15

In die 1983 Afrikaanse vertaling word 1 Korintiërs 14:15 soos volg weergegee:

> Hoe moet dit dan wees? Só, dat ek met die gees moet bid, maar ook met die verstand. Ek moet met die gees die lof van die Here sing, maar ook met die verstand.

Dit is belangrik om eerstens die konteks van hierdie gedeelte in gedagte te hou. In 1 Korintiërs 14 val die klem daarop dat alles wat in die erediens gebeur, moet dien tot die geloofsopbou van die erediensdeelnemers. Elkeen moet kan verstaan wat gebeur in die erediens en moet persoonlik betrokke voel daarby, sodat werklike geloofsopbou daardeur kan plaasvind. Volgens vers 15 geld dit veral ook die gebede en sang in die erediens.

Hierin lê 'n belangrike aspek van die beginselraamwerk vir die kerklied opgesluit. Die Griekse woord wat met "gees" vertaal is, is die woord πνε∅μα*.* Hierdie woord het te doen met die psigiese, nie-materiële dimensie van menswees (Louw & Nida, 1989:145). Dit verwys na die mens wat potensieel sensitief is en in sy spirituele dimensie ontvanklik is vir gemeenskap met God (Louw & Nida, 1989:323). Binne die konteks van die hele hoofstuk verwys πνε∅μα in 1 Korintiërs 14:15 na die gesindheid van die hart waarmee die mens in die erediens bid en sing. Sonder πνε∅μα kan daar nie ware erediens wees nie en kan daar nie gesing word tot eer van God nie. 'n Kerklied sonder πνε∅μα of 'n kerklied wat sonder πνε∅μα gesing word, hoort dus nie in die erediens nie.

Die begrip πνε∅μα staan hier egter nie alleen nie, maar word gebruik in 'n noue verband met νο∅. Die Griekse woord νο∅ verwys na die vermoë van die mens om te kan dink, verstaan, redeneer en besluite neem (Louw & Nida, 1989:325). Nie alleen die gees van die gelowige moet dus betrokke wees by die gebeure in die erediens nie, maar ook die verstand. Πνε∅μα sowel as νο∅ moet 'n integrale deel uitmaak van sang en gebed in die erediens. Dit is voorts van die uiterste belang dat πνε∅μα en νο∅ in die regte verhouding tot mekaar moet staan. Hoewel hierdie twee elemente van mekaar onderskei kan word, behoort dit nie van mekaar geskei te word nie. Daar moet altyd die regte verhouding wees tussen 'n emosionele belewing (Müller, 1988:36) of spiritualiteit (Strydom & Kellerman, 1992:213), en 'n intellektuele, rasionele belewing in die erediens. Wanneer hierdie balans versteur word, word daar buite die beginselraamwerk beweeg wat God self in sy Woord gee.

Die harmonie tussen πνεØμα en νοØ geld nie alleen vir die erediens as geheel nie, maar ook vir elke handelingsgebeure in die erediens. Wanneer die kerk van God dus in die erediens sing, moet elke gelowige se gees sowel as verstand in die regte verhouding daarby betrokke wees. Dit is van kardinale belang dat die kerklied só saamgestel sal wees dat 1 Korintiërs 14:15 se harmonie tussen πνεØμα en νοØ daarin gehandhaaf word.

## 5. ΠνεØμα en νοØ in die kerklied

Musiek sowel as poësie (in al die verskillende vorms daarvan) oefen ’n besonder kragtige invloed uit op die mens. Soos enige ander lied, bestaan ook die kerklied uit ’n samevoeging van bepaalde komponente van musiek en poësie. Twee basiese komponente, naamlik melodie en beryming kan onderskei word, hoewel dit nie van mekaar geskei kan word nie. Beryming en melodie ondersteun mekaar wedersyds en vorm ’n hegte eenheid. Die een kan nie sonder die ander bestaan nie en daar moet altyd ’n onderlinge balans gehandhaaf word.

Om binne die beginselraamwerk van 1 Korintiërs 14:15 te bly, is dit vervolgens noodsaaklik dat πνεØμα en νοØ in sowel die melodie as die beryming afsonderlik, asook in hulle eenheid, in die regte verhouding aanwesig moet wees.

### 5.1 Die effek van musiek op die πνεØμα en νοØ van die mens

Uit gegewens sedert die vroegste tye is dit duidelik dat musiek ’n kragtige invloed uitoefen op sowel die πνεØμα as die νοØ van die mens.

#### 5.1.1 Getuienis uit die Bybel

Op verskeie plekke in die Bybel is daar getuienis oor die onpeilbare krag van musiek in die lewe van die volk van God. Veral die sing van liedere word dikwels in hierdie verband genoem. Die eerste geleentheid wat hierdie aspek uitdruklik vermeld, is wanneer die Here die Egiptenare in die Skelfsee laat verdrink en die Israeliete dan onder leiding van Moses ’n loflied tot eer van God aanhef (Eksodus 15). Die openbaring van God se magtige verlossingsdaad bring die volk tot ’n openlike belydenis van hulle geloof. Hulle doen dit deur die loflied wat hulle sing (Burden, 1993:116). In hierdie loflied kom die hernude geloofskrag van die verloste kinders van God duidelik na vore. Wanneer hulle die lied sing, getuig die volk teenoor God en mekaar van die magsdade wat Hy verrig het. Terselfdertyd dien hulle sang ook om mekaar te oortuig, te herinner en op te roep tot nuwe gehoorsaamheid aan God. Die Here gebruik dus die krag van musiek hier op ’n besondere wyse om die belydenis van sy

volk in hulle binneste te anker en hulle daardeur nuwe geloofsvrymoedigheid te gee.

Die sing van liedere tot eer van God word ook dikwels genoem in die boek Psalms. In vier en dertig van die psalms kom die oproep of die voorneme om te sing tot eer van God direk na vore. 'n Duidelike aanduiding van die verskeidenheid emosies wat met sang uitgedruk en betrek word, is die verskillende tipes psalms wat daar in die bundel voorkom: boetepsalms, klaagliedere, konings- en messiaanse psalms, lofliedere of himnes, natuurpsalms, bedevaartsliedere, dankliedere, seënpsalms, vloekpsalms en psalms oor die wet (Helberg, 1988:163). Daar is byna geen gemoedstemming wat nie deur die psalms uitgedruk word nie (Cloete, 1996:18-19).

In 1 Samuel 10:5 word melding gemaak van profete wat profeteer onder die geklank van verskeie musiekinstrumente. Die krag van musiek raak die gemoed en gevoel van die profete aan (Söhnge, s.a.:34) sodat hulle ontvanklik kan wees vir die boodskap wat God aan hulle deurgee.

'n Ander duidelike getuienis oor die krag van musiek kom voor in 1 Samuel 16 waar vertel word hoedat Saul getugtig word deur 'n bose gees wat die Here oor hom laat kom. Sy dienaars handel dan volgens 'n bekende gebruik in daardie tyd: hulle soek na 'n siterspeler om vir hom te speel sodat sy gemoedstoestand verlig kan word (Schulze, 1991:159) en die bose gees sodoende die wyk kan neem.

Ook in 2 Konings 3:15-16 is daar duidelike getuienis van die besondere krag van musiek. Elisa laat 'n lierspeler na hom toe kom om vir hom musiek te speel, sodat hy 'n openbaring van die Here kan kry oor die dilemma waarin die konings van Israel, Juda en Edom is in hulle optrede teen die koning van Moab. Terwyl die lierspeler speel, neem die mag van die Here Elisa in besit en word sy hele wese getransformeer sodat hy die boodskap van die Here aan die konings kan ontvang en oordra.

In Efesiërs 5:18-19 en Kolossense 3:16 toon Paulus aan hoe die krag van musiek in die Nuwe-Testamentiese bedeling gebruik word wanneer God met sy kinders werk. Die sing van "psalms, lofgesange en ander geestelike liedere ... – tot eer van die Here" word hier duidelik verbind aan die vervulling met die Heilige Gees. Deur sy Gees gebruik God die krag van musiek, omdat dit volgens Efesiërs 5:19 so 'n geweldige invloed op die "hele hart" van die mens het.

Die besondere krag wat musiek uitoefen op die volk van God, kom voorts na vore op grond van die feit dat die volk tot reg aan die einde van sy geskiedenis lofliedere sing tot sy eer. Net soos in Eksodus 15 word ook in Openbaring 15 vermeld dat die volk God se eer besing. En die

lied wat hulle hier sing, is dieselfde lied van Moses wat die volk reeds in Eksodus 15 aangehef het. Die hele geskiedenis van God se volk word dus as 't ware omsluit deur die sing van lofliedere tot God se eer (Kempff, 1971:66). Van die uitredding uit Egipte, tot met die heerlike vervulling van God se werk aan die einde van die tyd, dien die krag van musiek tot transformasie, kommunikasie, versterking, genesing en opbou van sy volk.

### 5.1.2 Getuienis van Griekse filosowe

In die tyd van die Griekse filosowe is die besondere krag wat musiek op die mens uitoefen, raakgesien en ondersoek. Veral Plato en Aristoteles het hulle daaroor uitgespreek. Plato (427-347 v.C.) noem musiek 'n "magtiger middel as enige iets anders" wat sowel 'n positiewe as 'n negatiewe uitwerking op die mens kan hê (Schulze, 1991:158). Ritme en melodie vind volgens hom hulle weg na die innerlikste dele van die siel, waar dit 'n kragtige houvas kry en veredelend of aftakelend werk. Omdat musiek die bewegings van die menslike siel naboots en ook verskillende emosies kan opwek, laat die musikale ervaring volgens hom 'n blywende indruk op die mens. Veral wanneer dieselfde tipe musiek gereeld gehoor word, word dieselfde emosionele toestand voortdurend gesuggereer en opgewek (Lamprecht, 1978:6). Gevolglik beskou Plato musiek as 'n sterk hulpmiddel om die persoonlikheid van die mens te vorm, maar sien hy ook die sedelike gevaar daarvan vir die mens in.

Aristoteles (384-322 v.C.) het aangesluit by Plato se beskouing oor die krag van musiek. Volgens hom kan enige soort gevoel deur melodie en ritme opgewerk word. Musiek het daarom die vermoë om die karakter van die mens te vorm (vgl. Van der Walt, 1970:3). Die verskillende modi (toonaarde) van musiek het elk verskillende invloede op die persoonlikheid van die mens. Sommige modi bewerkstellig swaarmoedigheid, sommige bevorder selfbeheersing terwyl ander weer entoesiasme bewerk. Musiek het volgens Aristoteles ook reinigende krag en dit kan in die behandeling van geestesteurnisse aangewend word (Schulze, 1991: 159).

Die Griekse wysgere en geleerdes was van die eerstes wat die verhouding tussen musiek en wiskunde geïdentifiseer het. Volgens hulle word die kwaliteit van musiek bepaal deur die getalmatigheid daarvan, asook die geordenheid wat daarin te bespeur is (Viljoen, 1990:12). Volgens Plato is daar in musiek sowel 'n matematiese eenheid as 'n verskeidenheid identifiseerbaar. Hierdeur word die Skone met die kosmiese verbind (Strydom, 1994b:5). Pythagoras verbind die getalleverhoudinge tussen die hemelliggame met die toonintervalle in musiek. Hy dink kosmologies oor musiek, en oor die kosmos in terme van harmonie

(Strydom, 1994b:6). Gevolglik word musiek beskou as die skakel tussen die fenomene en die ewige wêrelde, wat die besondere vermoë het om die mens in kontak te bring met die transendente (Viljoen, 1990:20).

### 5.1.3 Getuienis van die kerkvaders

Die Griekse filosowe se teorieë oor die krag van musiek is deur die kerkvaders oorgeneem en uitgebrei met Skriftuurlike uitsprake daaroor. Benewens Clemens van Alexandrië (150-215 n.C.), Origines (185-254 n.C.), Tertullianus (ca. 260-320 n.C.), en Eusebius (ca. 265-340 n.C.), wat almal getuig van die geestelike waarde van musiek (Söhnge, s.a.:52), het veral Augustinus (354-430 n.C.) ’n groot bydrae hiertoe gelewer.

In navolging van die Grieke beskou Augustinus musiek as die kuns van geordendheid. Hy sien ook die verband tussen musiek en wiskunde raak. Musiek is volgens hom ’n eksakte uitdrukkingsvorm, waarin delikate verhoudings in klankgebruik die medium is om presiese kennis oor te dra (Viljoen, 1990:12-13). Wanneer musiek op die regte wyse aangewend word, het dit ’n groot invloed op die mens. In hierdie opsig skryf Augustinus dat musiek ’n *donum Dei,* ’n geskenk van God aan sy kinders is. God gee dit aan sy kinders tot verdieping van hulle geloof en tot ’n kragtige verkondiging van die waarheid. Musiek het volgens hom die hoogste uitwerking en mees verhewe ontplooiing wanneer dit tot uiting kom in die Christelike gemeente se gemeenskaplike lofsang tot God (Van der Walt, s.a.:1).

Augustinus is een van die eerstes wat die woorde in die lied van die melodie onderskei (Garside, s.a.:80) en skryf dat wanneer die klanke (melodie) in sy ore opklink, die waarheid (woorde) daarmee saam sy hart raak. Die gevolg hiervan is dat ’n gevoel van toewyding sy hart oorvloei. Musiek is om hierdie rede vir hom ’n nuttige middel waarmee moeë en trae harte opgewek kan word (Viljoen, 1990:11).

Ook Ambrosius (339-397 n.C.) en Basilius (ca. 330-379 n.C.) skryf oor die waarde en krag van musiek. Ambrosius beklemtoon die invloed van musiek as ’n dissipline van die individu en die groep (Söhnge, s.a.:55). Musiek het volgens hom die waarde dat dit die waarheid by gelowiges inskerp en ’n bonatuurlike band tussen die gelowiges tot stand bring (Viljoen, 1990:11). Hy het by geleentheid hierdie krag van musiek self ingespan en die kettery van die Ariane probeer teëwerk deur die gemeente vir dae en nagte aaneen kerkliedere te laat sing (Strydom, s.a.:42). Volgens Basilius meng God die soetheid van die harmonie met die Goddelike waarheid. Só word die waarheid van God op ’n besonder

kragtige manier aan die mens bekend gemaak, terwyl hy die soetheid van die harmonie geniet (Viljoen, 1990:11).

### 5.1.4 Getuienis van Luther en Calvyn

Vir Luther is musiek die skoonste gawe van God aan die mens (Schulze, 1991:160). Volgens hom kan net die Woord van God hoër geroem en geloof word as musiek, omdat musiek die bewegings van die menslike hart op kragtige wyse regeer (Van der Walt, s.a.:2). Musiek maak volgens hom die siel vrolik, verjaag die duiwel, wek onskuldige vreugde en bedwing woedebuie, begeertes en hoogmoed (Strydom, 1994b:11). Niks op aarde is ook meer in staat om driftige en oormatige liefde te demp en haat en nyd te verminder nie (Van der Walt, s.a.:2).

Luther beskou musiek as 'n essensiële element van die mens se geesteslewe (Blume, 1974:6). Volgens hom staan musiek in diens van die evangelie. Die boodskap van die evangelie is 'n vreugdeboodskap en musiek word gebruik om hierdie boodskap te begelei en te verklank (Tönsing, 1983:109).

Volgens Calvyn het musiek 'n geheime, byna ongelooflike krag om die hart van die mens na die een of ander kant te beweeg (Cypris, 1953: 79,110; Van der Walt, s.a.:3). Hy beskou musiek as 'n gawe van God aan die mens, wat die mens nie alleen in die erediens gebruik nie (Garside, s.a.:35), maar ook vir sy eie vermaak, genot (Cypris, 1953:109) en ontspanning (Brienen, 1987:207). Die groot krag wat musiek uitoefen, laat die gevaar ontstaan dat dit ook 'n slegte invloed op die hoorder kan hê. Dit kan volgens hom maklik lei tot losbandigheid, wanorde, wellus of skaamteloosheid. Daarom waarsku Calvyn in die voorwoord van die bundel Psalms wat in 1542 verskyn het, dat die krag van musiek nie onderskat moet word nie. Die kinders van God moet volgens hom des te meer versigtig te werk gaan met die gebruik van musiek in die erediens. Dit moet in alle gevalle tot voordeel en opbou van die gemeente gebruik word en nie tot besoedeling en ondergang van die gemeente nie (Schulze, 1991:160-161).

### 5.1.5 Getuienis uit hedendaagse navorsing

#### 5.1.5.1 Musiek as 'n negatiewe krag

Die geweldige invloed en krag van musiek op die mens kan nie ontken word nie. Daarom moet die waarskuwing van Calvyn en andere oor die potensieel gevaarlike invloed van musiek vandag net so ernstig geneem word as eeue gelede. In die hande van 'n kundige kan musiek 'n geweldig dekonstruktiewe krag word en die mens selfs psigiese skade

berokken (kyk Schulze, 1991:160-165; Lievegoed, 1992:59-60; Godwin, 1985:8, 340).

#### 5.1.5.2 Musiek as 'n positiewe krag

Net so vernietigend as wat musiek kan inwerk indien dit (doelbewus of onbewustelik) verkeerd aangewend word, net so opbouend kan dit egter aangewend word tot heil en genesing van miljoene. Reeds so vroeg as vier eeue voor die geboorte van Christus was Aristoteles oortuig van die reinigende krag wat musiek kan hê en dat dit as suiwering in die behandeling van geestesteurnisse aangewend kan word (Van der Walt, s.a.:10). Hierdie uitgangspunt het die grondslag gelê vir genesingpraktyke wat ná hom ontstaan het en dwarsdeur die Middeleeue voorgekom het (Schulze, 1991:159).

Hedendaagse wetenskaplike navorsing het bevind dat die regte tipe musiek wat op die regte manier aangewend word, met verloop van tyd sowel op die geestelike as die liggaamlike funksies van die mens 'n heilsame invloed het (Lamprecht, 1978:8-17; Hauptfleisch, 1988:12, 14). Veral sedert die Tweede Wêreldoorlog het musiekterapie as genesingswetenskap sterk ontwikkel (Hauptfleisch, 1988:1) en is daar vandag wêreldwyd (ook in Suid-Afrika) sentra waar pasiënte met 'n verskeidenheid geestesteurnisse en ander siektetoestande suksesvol met behulp van musiekterapie behandel word.

#### 5.1.5.3 Die invloed van musiek op die geestelike funksies van die mens

Wanneer 'n mens luister na (geskikte) musiek (kyk Grové, 1994:21-23), word die ideale geestesingesteldheid vir intellektueel-mnestiese aktiwiteite geskep (Van der Walt, s.a.:9-10). Πνευμα sowel as νοῦ word sodoende aangeraak. Dit gebeur deurdat die limbiese sisteem van die brein gestimuleer word. Die limbiese sisteem van die brein bevorder die vermoë om te kan studeer en te onthou (Lievegoed, 1992:121).

Musiek stimuleer ook die ontwikkeling van die regterbreinhelfte, wat op sy beurt lei tot 'n verbetering in die verbaal-analitiese denkwyse van die linkerbreinhelfte (Van der Walt, s.a.:9). Dit lei byvoorbeeld by kinders tot 'n merkbare verbetering in konsentrasie en deursettingsvermoë (Katz, 1996:95) en gevolglik ook skoolprestasie, veral in syfer- en taalvakke (Lievegoed, 1992:121). Psigotiese pasiënte (Anon., 1989:7), emosioneel versteurdes (Holtzhausen, 1987:6-13) en verstandelik gestremdes (Aleman, 1993:10-12) toon ook 'n merkbare verbetering na behandeling met musiekterapie en volgens Snead (1993:12-17) kan selfs oudio-persepsie en konsentrasie by gestremde kinders hierdeur merkwaardig verbeter word. Sekere skolastiese afwykings soos byvoorbeeld disleksie, outisme en taaldisfunksies (Seymor, 1996:35), asook disortografie en verwarde

lateraliteit is reeds suksesvol behandel op hierdie manier (Van der Walt, s.a.:10).

Die stimulerende effek van musiek op die regterbreinhelfte het ook ’n voordelige invloed op die esteties-sintetiese denkwyse van die brein. Gevolglik word die sin vir die pikturale, patroonvorming, nie-verbale ideëvorming, die ruimtelike en geometriese, die estetiese, die vermoë tot perspektiewe en kreatiewe denke heelwat verbeter deur musiekterapie (Van der Walt, s.a.:10). Só is blinde kinders al byvoorbeeld sekere gesigsuitdrukkings aangeleer deur hulle bloot na spesifieke tipes musiek te laat luister (Alvin, 1976:121).

Musiek het ’n direkte invloed op ’n wye spektrum emosies van die mens. Volgens Lamprecht (1978:15) is die emosies wat die meeste opgewek word wanneer na kwaliteitmusiek geluister word die volgende: rustigheid, treurigheid, vreugde, liefde en verlange. Afkeer en irritasie kom min voor. Die hele musikale belewing van die mens bestaan volgens Lievegoed (1992:47) uit ’n spanning wat lei tot ontspanning, konflik wat lei tot ontplooiing en vraag wat lei tot antwoord. Die formele struktuur en geordendheid van klassieke musiek bring sekuriteit (Lamprecht, 1978:16) en verlig intense emosionele druk en spanning (Hughes & Birkhead, 1993:3-7).

### 5.1.5.4 Musiek as hulpmiddel in die mens se verstaan van die werklikheid

Wanneer musiek ’n positiewe invloed op die πνεῦμα sowel as die νοῦ van die mens uitoefen, dra dit volgens Van der Walt (s.a.:12-14) op ’n besondere manier ’n begrip en kennis van die werklikheid op hom oor. Die mens beleef twee soorte werklikhede: die subjektiewe werklikheid binne in hom en die objektiewe werklikheid buite hom. Die objektiewe werklikheid het twee dele, naamlik die immanente (kosmiese) en transendentale (bo-kosmiese).

Om die immanente, objektiewe werklikheid buite homself te leer ken het die mens simboolsisteme soos wetenskap, geskiedenis, wiskunde, filosofie, ensovoorts gebruik en ontwikkel. Op hierdie manier het hy deur middel van simboolkennis sy wêreld leer ken (Reimer, 1979:60). Hierdie simboolsisteme is primêr op die gebruik van woorde gebaseer. Die konvensionele simbole wat die mens hiervoor gebruik, het dié beperking dat hulle alleen feitelike betekenisse kan meedeel. Die dinge en gebeure in die werklikheid het egter nie alleen feitelike betekenisse wat net met die νοῦ waargeneem word nie, maar ook eienskappe en waardes wat aangevoel word deur die πνεῦμα. Laasgenoemde kan nie deur konvensionele simboolsisteme oorgedra word nie. Alleen deur musiek en ander kunsvorms is dit moontlik. Waar die simboolsisteme bloot die feitelike

oordra, dra musiek sowel die feitelike as die eienskappe en waardes van die werklikheid oor. Omgang met musiek bring 'n intensivering en verdieping in die begrip van die wesenlike betekenis van die objektiewe werklikheid. Sonder musiek word die werklikheid oppervlakkig en "afgekort" beleef en kan die potensiaal van die werklikheid nie ten volle geaktualiseer word nie. Uiteindelik lei 'n musiek-lose lewe tot 'n verskraalde, in plaas van 'n verrykte persoonlike en geestelike lewe (Van der Walt, s.a.:12-13).

Ook die belewing van die subjektiewe werklikheid word direk deur musiek beïnvloed. Die subjektiewe werklikheid is volgens Reimer (1979: 34) daardie algemene "gevoel" wat voortdurend by die mens aanwesig is en waarvan al sy doen en late deurdrenk is. Dit is nie soos emosies wat tydelik bestaan en dan weer verdwyn nie, maar is voortdurend aanwesig. Hierdie "gevoel" kan saam met die wil en die verstand as een van die basiese elemente van die menslike persoonlikheid onderskei word. Die "gevoel" is die basis waaruit die wil en verstand ontspring: daarom deursuur en rig dit ook die wil en verstand.

Een van die hooffunksies van musiek is volgens Van der Walt (s.a.:14) om hierdie subjektiewe werklikheid waarneembaar te maak. In musiek word die patrone en vorms van hierdie werklikheid, hierdie "gevoel", in sy estetiese eienskappe vasgevang en voorgestel. Musiek bring die mens in kontak met sy subjektiewe werklikheid en verdiep, verfyn en verbreed sy insig en begrip daarvan. Deur die krag van musiek leer die mens sy eie vermoëns en beperkinge ken en leer hy ook om sy eie emosies te identifiseer en te verstaan (Hughes, 1988:5-7). Hy leer homself as mens ken en waardeer en ontwikkel ook 'n waardering vir ander. Só bewerk musiek 'n verandering in lewenshouding, belangstelling in die werklikheid en waardes ten opsigte van die lewe (Lamprecht, 1978:8-9).

In die proses waarin die mens homself en sy werklikheid leer ken, is die invloed van musiek soveel sterker wanneer dit in groepsverband saam met ander beoefen word (Cilliers, 1988:6-9). Om saam met ander musiek te maak, bring vreugde en genot (Reimer, 1979:138). Dit kan toegeskryf word aan die gewaarwording van harmonie wat hierdeur geskep word. Die harmonie word nie alleen buite die mens op 'n afstand ervaar nie, maar die mens ervaar homself hierin as 'n werklike, samestellende element van die genotvolle harmonie wat hy help skep. Hoewel die mens voortdurend van sy eie persoon bewus bly, word hy deur die gesamentlike beoefening van musiek 'n integrale deel van die geheel. Ongeag daarvan dat sy eie aandeel ondergeskik of onbelangrik mag wees, word die totale klank en harmonie as 'n verryking en veredeling van sy eie aandeel ervaar (Van der Walt, s.a.:16). Omdat die aandeel van al die deelnemers onontbeerlik is vir die geslaagdheid van

elkeen se eie aandeel, word die eie aandeel ook as onontbeerlik vir die geslaagdheid van die geheel ervaar. Dit kweek sowel 'n verskerpte verantwoordelikheidsbesef as 'n gevoel van intieme verbondendheid aan en toegeneentheid teenoor die totale groep (Keen, 1989:4-6). Individue in die groep, sosiale status, geslag, ouderdom en ander sodanige onderskeidings verdwyn sodoende al meer op die agtergrond (Van der Walt, s.a.:17).

Uit bogenoemde bespreking is dit dus duidelik dat musiek 'n definitiewe effek het op sowel die πνεØμα as die νοØ van die mens. In musiek het die Here 'n onpeilbaar kragtige instrument aan sy kerk gegee om volgens die beginselraamwerk van 1 Korintiërs 14:15 te gebruik wanneer gesing word in die erediens.

## 5.2 Die invloed van musiek in die kerklied op die πνευμα en νοῦ van die gelowige

Volgens Van der Walt (s.a.:6) is dit binne die vermoë van elke mens om musikale klanke te ervaar en te verstaan. By geboorte is elke mens voorsien van 'n uiters komplekse neurologiese "bedrading" wat gebruik word om uitsluitlik musikale klanke waar te neem. Musiek het dus 'n betekenisvolle invloed op alle mense. In die kerklied het die musiek 'n kragtige invloed op die gees (πνεØμα) sowel as die verstand (νοØ) van elke gelowige. Deur die krag van musiek hierin optimaal aan te wend, word die diepste mens-wees van die gelowige aangeraak volgens die beginsel van 1 Korintiërs 14:15.

Deur die uitwerking van musiek leer elkeen sy eie hart opnuut ken: dat dit vol sonde en opstand teen God is, maar ten spyte daarvan voortdurend na God en sy nabyheid hunker. Elkeen leer ook sy naaste en omgewing opnuut vanuit die perspektief van die evangelie ken, aanvaar en waardeer. Voorts word die gelowige opnuut herinner aan sy verantwoordelikhede teenoor sy medegelowiges asook sy medemens. Só word elkeen op 'n besondere wyse gebring voor die heerlike sekerheid dat Christus in die stryd teen die bose die beslissende oorwinning behaal het, dat Hy alleen die oplossing van elke konflik is en die antwoord op elke vraag. Elkeen ervaar opnuut hoe sy of haar eie bydrae daadwerklik 'n verskil maak in die totstandkoming van 'n onderlinge geloofs- en liefdesband in die gemeente en in die wêreld.

Op hierdie wyse gebruik die Gees van God musiek in die kerklied om nie alleen elke gelowige te oortuig van die waarheid van die verlossing in Christus nie, maar ook om elkeen op te roep tot daadwerklike gehoorsaamheid aan God in woord en daad.

## 5.3 Die effek van poësie op die πν∈Øμα en νοØ̂ van die mens

Net soos musiek, het poësie ook 'n kragtige uitwerking op sowel die πν∈Øμα as die νοØ̂ van die mens. Volgens Van Vliet (1998:30-33) is die mens in wese kreatief en hy dink assosiatief, verbeeldingryk en poëties. Een van die mees basiese behoeftes van die mens is die behoefte aan 'n tipe taalgebruik waarin sy sintuie en diepste emosies betrek en geraak word. Hierin voorsien poësie by uitstek (Van Vliet, 1998:34). In poësie word taal só gebruik dat dit die sintuie van die mens prikkel en gedagtes op 'n multi-dimensionele wyse uitdruk.

Volgens Van Vliet (1998:23-24) is die woorde van die alledaagse (prosaïese) taal nie in staat om werklike diep kommunikasie te bewerkstellig nie. Daar is verskeie dimensies en nuanses van die werklikheid wat nie deur die taal van elke dag genoem of benoem kan word nie, omdat alledaagse taal ten doel het om feitelikhede op 'n saaklike wyse mee te deel (Den Boeft *et al*., 1994:204). Die kodewoorde wat in konvensionele taalgebruik voorkom, is slegs daartoe in staat om die werklikheid oppervlakkig uit te druk en te beskryf. Dit verarm die lewe van die mens deurdat sy gevoel en intuïsie in die taalgebruik geïgnoreer word (Van Vliet, 1998:23). Om werklik volledig en diep te kan kommunikeer, het die mens taalgebruik nodig wat méér is as dit wat die gewone en konvensionele kodewoorde van alledaagse taal bied.

Nie die νοØ̂ alleen nie, maar ook die πν∈Øμα van die mens moet aangeraak word. Poëtiese taalgebruik voorsien in hierdie behoefte deurdat dit in staat is om die "onuitspreeklike" in woorde uit te druk. Poësie is 'n geheimenisvolle taal (Cuddon, 1979:515) wat gebruik word om die volle werklikheid in al sy dimensies in woorde weer te gee. Dit spreek daarom nie alleen tot die intellek van die mens nie, maar ook tot sy emosies (Den Boeft *et al*., 1994:192) en sy sintuie (Van Vliet, 1998:26).

In die skryf van poësie word nie gebruik gemaak van uitgebreide, saaklike, logiese en argumentvoerende taal nie. 'n Veelheid emosies en betekenisse word in 'n beperkte aantal woorde vasgevang. Behalwe vir bepaalde metrum- en ritmestrukture waarbinne woorde gerangskik word (Smit, 1989:36), word verskeie klankmatige aspekte van taal ook geëksploiteer. Alliterasie, assonansie, volrym, omgekeerde rym, pararym, kontrastering en klanknabootsing is voorbeelde hiervan (Gräbe, 1992:204). Die kunstige gebruik van klank en ritme gee aan poësie 'n musikale aard (Bisschoff, 1992:387).

Die wyse waarop woorde by mekaar inpas en aanpas in betekenis en ritme, lei daartoe dat 'n besondere tipe musikaliteit in digkuns ontstaan. Digkuns aspireer volgens Cuddon (1979:541-542) na 'n "toestand van

musiek”. Wanneer die klanke en ritme in ’n gedig ’n eenheid vorm met die prag en inhoud van die woorde, kry dit ’n besondere musikale aard (Bisschoff, 1992:387). Deur gebruik te maak van beeldspraak (Van Vliet, 1998:17), suggestie (Cuddon, 1979:673) en metaforiese taal (Gräbe, 1992:292) word ’n verskeidenheid dimensies en nuanses van die werklikheid op só ’n wyse gekommunikeer dat die emosies van die mens daardeur betrek word. Die gekonsentreerde taalgebruik van poësie vervul hierin ’n bepalende funksie. Slegs ’n paar woorde word gebruik, maar ’n hele wêreld word daardeur opgeroep (Van Vliet, 1998:20).

Die beeldspraak in ’n gedig tesame met die musikale kwaliteit daarvan, het volgens Cuddon (1979:673) die uitwerking dat alledaagse realiteite en konkreethede toenemend vervaag en dat die ideaal of boodskap van die gedig al duideliker gekommunikeer word. Poësie leen hom dus by uitstek tot die uitdrukking van die dieperliggende gedagtes en emosies van die mens (Cuddon, 1979:217). Daar is dus ’n verhewenheid van gedagte in die poësie te bespeur en dikwels word die fundamentele van die menslike bestaan daardeur aangeraak (Smit, 1989:36). Onderwerpe wat nie met kliniese, rasionele denke alleen benader kan word nie, soos die misterie van religie, die sin van die lewe, die dood en verganklikheid, kan wel deur poësie sinvol en diepgaande hanteer word (Van Vliet, 1998:24).

### 5.4 Die invloed van poësie in die kerklied op die πνεØμα en νοØ van die gelowige

Net soos musiek, het poësie ook die vermoë om die mens se emosies te raak en sekere emotiewe reaksies by hom op te wek (Cuddon, 1979:217). Wanneer die “fyn instrument” van poësie effektief aangewend word, het dit die vermoë om sowel die πνεØμα as die νοØ van die mens diep aan te raak en blywende veranderings in benadering, persepsie, insig en vooroordele teweeg te bring. Hiervan was Plato (427-347 v.C.) eeue tevore reeds oortuig toe hy beweer het dat die poëtiese teks die leser dwing tot die formulering van nuwe betekenisse, waardeur hy tydelik bevry word van heersende ideologiese, kulturele, semantiese of ander betekenissisteme (De Jong, 1992:249).

Anders as musiek, het poësie die bykomende voordeel dat dit bestaan uit woorde. Die boodskap wat dit het, kan dus ondubbelsinnig en duidelik op die intellek van leser en hoorder oorgedra word, terwyl dit terselfdertyd ’n sterk emotiewe en geestelike impak het. Hieruit blyk dit duidelik dat die poësie in die kerklied net so ’n kragtige instrument is as die musiek. Die Here gee dit aan sy kerk om te gebruik wanneer in die erediens gesing word. Binne die beginselraamwerk van 1 Korintiërs 14: 15 is dit dus ook van kardinale belang dat poësie in die kerklied só

aangewend word dat sowel die πνεØμα as die νοØ van elke gelowige werklik diep geraak word.

## 5.5 Die balans tussen πνεØμα en νοØ in die kerklied

Volgens die beginselraamwerk in 1 Korintiërs 14:15 moet πνεØμα en νοØ in die kerklied in die regte verhouding tot mekaar staan. Nie een van hierdie elemente mag totaal oorheers nie. Dit moet in harmonie met mekaar vervleg wees. Hierdie beginsel word teruggevind in die harmonie tussen melodie en beryming in die kerklied. Om geslaagd te wees, is dit van kardinale belang dat die regte woord-toonverhouding in die kerklied gestalte moet kry. Die beryming en melodie moet só oortuigend met mekaar verenig wees, dat dit as ’t ware in mekaar ingroei (Strydom, 1994a:257-258). Die beryming moet musikaal só verpak word dat dit ’n effek het op sowel die πνεØμα as die νοØ van sanger en hoorder in die erediens.

Omdat die beryming van die kerklied die verwoording is van die Woord van God, geniet dit voorrang bo die melodie. Die melodie moet die woorde só dra, dat die verkondiging van God se boodskap daardeur meer effektief kan geskied. Wanneer te veel gekonsentreer word op die melodie en verwante musikale aspekte, en dit gebeur ten koste van die beryming en boodskap van die lied, word die doel en funksie van die kerklied heeltemal uit die oog verloor. Wanneer die melodie en ander musikale aspekte in die erediens oorheers, gebeur dit merendeels dat die emosies eerder as die verstand betrek word. Dan word πνεØμα verhef bó νοØ. Die gevaar hierin is dat die gelowige nie meer in beheer is van sy gees en emosies nie (1 Kor. 14:32). Dan is die kuns nie meer diensbaar aan die totale gebeure in die erediens nie (Allen & Borror, 1982:168). Die uiteinde hiervan is dat die kerklied nie werklik meer dien tot geestelike opbou van die gemeente nie, maar mislei en verwarring skep.

Die omgekeerde kan eweneens ook ’n gevaar inhou: wanneer daar in die kerklied ’n eensydige, rasionele klem geplaas word op die woorde en beryming, sonder ’n goeie en gepaste melodie daarby, word daar gesing sonder πνεØμα, sonder gesonde spiritualiteit. Dan vervlak die sang tot ’n saaklike, intellektuele uiting, sonder ’n werklik diepgaande effek op die erediensdeelnemers. Volgens 1 Korintiërs 14:15 is dit onaanvaarbaar, omdat sowel πνεØμα as νοØ in harmonie teenwoordig moet wees.

Uit 1 Korintiërs 14:15 en die kerklike tradisie is dit duidelik dat die lied in die erediens nie alleen die intellek moet betrek en dogmaties korrek moet wees nie, maar ook (ten opsigte van sowel die beryming as die melodie) van hoogstaande artistieke gehalte moet wees, en die kuns-

gevoel van die mens moet bevredig (Müller, 1988:43). Met inagneming van die eise met betrekking tot die regte woord-toonverhouding in die kerklied, moet daar ten alle tye 'n geslaagde eenheid wees tussen melodie en beryming en moet sowel πνϵØμα as νοØ̂ in die regte verhouding daarin teenwoordig wees. Dan is die beginselraamwerk van 1 Korintiërs 14:15 in plek en kan na gelang van die historiese, kulturele en godsdienstige situasie van die kerk, sodanige inhoud aan die kerklied gegee word, dat dit trefkrag het en relevant bly.

## 6. Enkele afgeleide riglyne vir die kerklied

Uit die voorafgaande kan die volgende riglyne vir die kerklied afgelei word:

- Die kerklied moet van so 'n aard wees dat dit 'n uitwerking het op sowel die πνϵØμα (gees) as die νοØ̂ (verstand) van die deelnemers aan die erediens.
- Om te kan voldoen aan die beginselraamwerk van 1 Korintiërs 14:15 en die tradisie moet verseker word dat πνϵØμα en νοØ̂ in die kerklied in die regte verhouding tot mekaar staan. Hoewel πνϵØμα en νοØ̂ van mekaar onderskei kan word, kan dit nie geskei word nie. Nie een van hierdie elemente mag totaal oorheers nie.
- Omdat musiek (in al die verskillende vorms daarvan) 'n uitwerking het op die mens, moet die melodie en ander musikale aspekte in die kerklied van so 'n aard wees dat dit sowel die πνϵØμα as die νοØ̂ van die gelowiges aanraak, sonder dat die verhouding versteur word. In alle gevalle moet verseker word dat dit nie 'n negatiewe en afbrekende krag uitoefen nie, maar daadwerklik bydra tot die opbou en groei van die kerk van God.
- Omdat poësie eweneens 'n invloed op die mens het, moet ook die poësie in die beryming van die kerklied van so 'n aard wees dat dit sowel die πνϵØμα as die νοØ̂ van die gelowiges aanraak. Ook hier moet die harmonie tussen die twee behou word en verseker word dat dit opbou en groei meebring.
- Om die balans tussen πνϵØμα en νοØ̂ in die kerklied te kan bewerkstellig, moet die regte woord-toonverhouding daarin gehandhaaf word. Die beryming en melodie moet kunstig inmekaar vervleg wees, hoewel die beryming voorrang geniet omdat dit die verwoording is van die Woord van God.

## 7. Samevattende konklusie

In die kerklied beskik die volk van God oor 'n instrument waarin die gesamentlike krag van musiek en poësie uitnemend na vore kom. 'n Onoordeelkundige hantering hiervan hou die gevaar in dat 'n negatiewe, destruktiewe krag in die erediens losgelaat word – iets wat skrikwekkende gevolge kan inhou vir die kerk.

Ten einde te verseker dat die kerklied 'n positiewe krag uitoefen en daadwerklik dien tot opbou en groei in die kerk, is dit noodsaaklik dat die musikale sowel as die poëtiese aspekte daarvan ooreenkom met die beginsels wat God daarvoor stel in sy Woord.

In 1 Korintiërs 14:15 word 'n belangrike beginselraamwerk gegee waaraan die kerk sy liedere moet toets. Indien πνεØμα en νοØ nie in harmonie met mekaar is nie – sowel in die musiek as die poësie – loop die kerk die gevaar om buite die beginselraamwerk te beweeg wat God in sy Woord gee.

Wanneer verandering en vernuwing met betrekking tot die kerklied ter sprake kom, is dit gevolglik van die uiterste belang dat al die elemente van hierdie beginselraamwerk eers grondig ondersoek moet word. Alleen wanneer dit bo enige twyfel vasstaan, kan voortgegaan word om binne die bepaalde tydsgewrig, asook die historiese en kulturele situasie van die kerk, nuwe inhoud en vorm aan die kerklied te gee.

## Bibliografie


ALEMAN, L.L. 1993. Music therapy opens unexpected possibilities. *South African Journal for Music Therapy*, 10(3):10-12.

ALLEN, R.J. & BORROR, G. 1982. Worship: rediscovering the missing jewel. Portland : Multnomah.

ALVIN, J. 1976. Music for the handicapped child. London : Oxford University Press.

ANON. 1989. Report: music therapy workshop by Sylvia Birkhead. *South African Journal for Music Therapy*, 7(1):7.

BISSCHOFF, A. 1992. Poésie pure. (*In* Cloete, T.T., *red*. Literêre terme en teorieë. Pretoria : HAUM-Literêr. p. 387-388.)

BLUME, F. 1974. Protestant church music: a history. New York : Norton.

BRIENEN, T. 1987. De liturgie bij Johannes Calvijn. Kampen : De Groot Goudriaan.

BURDEN, J. 1993. Eksodus. (*In* Vosloo, W. & Van Rensburg, F.J., *reds*. Die Bybel in praktyk. Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy. p. 93-150.)

CLOETE, T.T. 1996. Die omdigting van die Psalms in Afrikaans as kreatiewe werk. *In die Skriflig*, 30(1):1-20.

CILLIERS, F. 1988. Personality characteristics of the effective therapist. *South African Journal for Music Therapy*, 6(4):6-9.

CUDDON, J.A. 1979. A dictionary of literary terms. London : Andre Deutsch.

CYPRIS, O. 1953. Public worship in Calvin. s.l. : Union Theological Seminary. (Dissertation – S.T.M.)

DE JONG, M. 1992. Leserrol. (*In* Cloete, T.T., *red*. Literêre terme en teorieë. Pretoria : HAUM-Literêr. p. 248-250.)

DEN BOEFT, J., BRANDSMA, F., HOENSELAARS, T., KLOEK, J., LEVIE, S., VAN DER THÜSEN, J. & WIERSMA, S. 1994. Denken over dichten: dertig eeuwen poëticale reflectie. Amsterdam : Amsterdam University Press.

DU RAND, J.A. 1993. 1 en 2 Korintiërs. (*In* Vosloo, W. & Van Rensburg, F.J., *reds*. Die Bybel in praktyk. Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy. p.1755-1803.)

GARSIDE, C. s.a. Calvin and music. Princeton : Princeton University. (Dissertation – B.A. (History).)

GODWIN, J. 1985. The devil's disciples: the truth about Rock. Chino : Chick Publications.

GRÄBE, I. 1992. Klank. (*In* Cloete, T.T., *red*. Literêre terme en teorieë. Pretoria : HAUM-Literêr. p. 204-207.)

GROVÉ, S. 1994. Music and the brain. *Scenaria*, 158:21-23, Mar.

HAUPTFLEISCH, S. 1988. Musiekterapie in Suid-Afrika. Pretoria : Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

HELBERG, J.L. 1988. Die Here regeer: openbaringslyn deur die Ou Testament. Pretoria : NG Kerkboekhandel.

HOLTZHAUSEN, L.J. 1987. Die effek van verskillende tipes musiek op die gemoedstoestand, aandag en konsentrasie van 'n groep normale persone en 'n groep pasiënte met depressiewe siekte. *South African Journal for Music Therapy*, 5(3):6-13.

HUGHES, J. 1988. Music therapy can help a child with an unhappy past. *South African Journal for Music Therapy*, 6(1):5-7.

HUGHES, J. & BIRKHEAD, S. 1993. Stress relief through music. *South African Journal for Music Therapy*, 10(3):3-7.

KATZ, S. 1996. Music therapy for a changing South Africa. (*In* Music Therapy Society of Southern Africa. Music in medicine: health and harmony. Proceedings of the second biennal national conference of the MTSSA. s.l. p. 93-98.)

KEEN, A.W. 1989. Use of music as a group activity for long-term patients. *Social Work Practice*, 1:4-6.

KEMPFF, D. 1971. Rondom die Woord geskaar. Potchefstroom : Pro Rege-Pers.

LAMPRECHT, A.J. 1978. Die psigologiese en fisiologiese effek van gefiltreerde musiek op 'n groep persone met hoë angs. Potchefstroom : PU vir CHO. (M.A.-verhandeling.)

LIEVEGOED, B.C.J. 1992. Maat, ritme en melodie: enige beginselen van muziektherapie. Zeist : Uitgeverij Vrij Geestesleven.

LOUW, J.P. & NIDA, E.A. 1989. Greek-English lexicon of the New Testament. 2 volumes. Cape Town : United Bible Societies.

MÜLLER, J. 1988 Die erediens as fees. Pretoria : NG Kerkboekhandel.

REIMER, B. 1979. A philosophy of music education. New Jersey : Prentice Hall.

SCHULZE, L.F. 1991. Die invloed van popmusiek op die mens en samelewing. (*In* Helberg, J.L., *red*. Kerkwees as getuienis in Suid-Afrika vandag. Potchefstroom : Potchefstroom Teologiese Publikasies. p. 157-171.)

SEYMOR, R. 1996. Music in the treatment of common disorders. (*In* Music Therapy Society of Southern Africa. Music in medicine: health and harmony. Proceedings of the second biennal national conference or the MTSSA. s.l. p. 32-37.)

SMIT, E.J. 1989. Prediking oor poëtiese stof van die Ou Testament. *In die Skriflig*, 23(89):35-52.

SNEAD, R. 1993. The importance of music teaching of the severely handicapped child: Musikalisch Lernhilfen. *South African Journal for Music Therapy*, 11(1):12-17.
SÖHNGE, W.E.H. s.a. Himnologie. Referaat. (Ongepubliseer.)
STRYDOM, W.M.L. s.a. (circa 1985). Himnologie. (DKN 601.) Bloemfontein : UOVS.
STRYDOM, W.M.L. 1994a. "Sing nuwe sange, nuutgebore": liturgie en lied. Bloemfontein : UOVS Departement Musiek (Afdeling Kerkmusiek).
STRYDOM, W.M.L. 1994b. Besinning rondom die ontwerp van 'n Protestants-himnologiese estetika. *Acta Academica*, Supplementum 1.
STRYDOM, W.M.L. & KELLERMAN, J.S. 1992. Die funksie van liturgiese sang in gereformeerde erediensvernuwing. *NG Teologiese Tydskrif*, 33(2):204-215.
TÖNSING, L.R. 1983. Luther en kultuur. (*In* Instituut vir Reformatoriese Studie. Martin Luther: 1483-1983. Potchefstroom : PU vir CHO. p. 88-114.)
VAN DER WALT, J.J.A. 1970. Die invloed van musiek op die mens. Potchefstroom : PU vir CHO. (Instituut vir die bevordering van Calvinisme. Studiestuk nr. 41.)
VAN DER WALT, J.J.A. s.a. (circa 1998). Die noodsaaklikheid van musiekopvoeding. Potchefstroom : PU vir CHO.
VAN VLIET, E. 1998. 'n Pleidooi vir poësie. Vertaal en saamgestel deur Heilna du Plooy. Pretoria : Protea Poësie.
VILJOEN, F.P. 1990. Die betekenis van "psalmois, humnois" en "odais pneumatikais" in Kolossense 3:16 en Efesiërs 5:19. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif – Th.D.)

**Kernbegrippe:**

beginsels vir die kerklied
*nous* (verstand)
*pneuma* (gees)
vernuwing in die kerklied

**Key concepts:**

*nous* (mind)
*pneuma* (spirit)
principles for worship singing
renewal in worship singing